

Opsomming

Gedurende die afgelope dekade het emosionele intelligensie 'n veld van noukeurige navorsing binne die akademiese wêreld geword. Die rede hiervoor kan toegeskryf word aan die belangrikheid van hierdie konsep vir die ontwikkeling en effektiwiteit van instansies binne ons samelewing. Huidiglik is daar twee modelle van emosionele intelligensie. Eerstens die model van Salovey en Mayer en tweedens die model van Goleman. Ten spyte van die feit dat Goleman die konsep van emosionele intelligensie bekend gemaak het, is die model van Salovey en Mayer meer akademies verantwoordbaar op wetenskaplike vlak.

Die belangrikheid van hierdie konsep is hoog geag as gevolg van die effektiwiteit en ontwikkeling daarvan binne die mediese veld, onderwys en ondernemeings. Die rede hiervoor is dat die welstand en ontwikkeling van die mens belangrik is vir hierdie instansies. Die probleem stelling lê in die feit dat van hierdie instansies hulself meestal bekwaam met emosionele intelligensie, omdat hulle die welstand van die mens hoog ag en daarvan bewus is dat die mens se emosies hulle gedrag kan beïnvloed en bepaal. Maar die kerk (ook as instansie) is stil wat dit betref.

Dit is onverstaanbaar omdat die kerk ook 'n instansie is wat oënskynlik besorg is oor die welstand van die mens. Selfs binne die kerk is daar mense wat geestelik effektief is, maar emosioneel onstabiel teenoor ander mense optreë. Emosionele intelligensie kan dus waardevol vir die kerk wees en 'n teologiese evaluering daarvan is dus noodsaaklik. Hiermee wil hierdie studie ondersoek instel of emosionele intelligensie wel belangrik is vir die funksionering en effektiwiteit van die kerk en of dit in lyn is met wat die kerk glo ten opsigte van mens en God. Indien dit wel so is, sal die toepassing van emosionele intelligensie noodsaaklik wees vir die effektiwiteit en funksionering van die kerk en haar lidmate binne die wyer kringe van die samelewing.

Die Bybel was gebruik as instrument van evaluering. Voorveronderstellings met betrekking tot teologie en emosionele intelligensie was uitgelig en as geldig geag. 'n Kritiese oorsig van albei modelle is gedoen om 'n deeglike evaluering te verseker.

'n Teologiese evaluering het die rede vir ons emosionele onbeheer ook ondersoek. Die Bybel identifiseer dit as selfsug. Goleman verwys na selfsug, maar sien dit nie as die oorsaak vir ons emosionele onvermoë nie. 'n Teologiese evaluering stel voor dat emosionele intelligensie gebruik kan word om ons emosies beter te kan beheer. Selfsug, wat ook ons gedrag negatief beïnvloed deur saam met ons emosies te reageer, is ondersoek. Verdere navorsing is belangrik vir 'n beter en meer sigbare toepassing vir die welstand van die mens se emosionele, fisiese en geestelike funksionering binne die kerk en die samelewing.

